REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

<u>Vraag 1</u> (Elemente van rekeningkundige vergelyking; 20 punte, 10 minute)

GEVRA:
Voltooi in elk van die volgende gevalle die ontbrekende syfers om die Rekeningkundige vergelyking te laat balanseer.

1.1 (3)

Bates	Eienaarsbelang	Laste
800 000	600 000	……..
1 500 000	…….	450 000
…….	940 000	620 000

1.2 (6)

Bates			Eienaars-belang	Laste	
Nie-bedryfsbates	Finansiële bates	Bedryfsbates		Nie-bedryfslaste	Bedryfslaste
…….	250 000	620 000	1 300 000	320 000	180 000
760 000	…….	430 000	1 280 000	160 000	260 000
550 000	300 000	…….	720 000	200 000	350 000
890 000	420 000	190 000	…….	540 000	160 000
1 200 000	600 000	340 000	1 400 000	……..	240 000
3 600 000	280 000	178 900	3 000 000	400 000	…….

1.3 (11)

Bates	Eienaarsbelang				Laste
	Kapitaal	Inkomstes	Uitgawes	Onttrekkings	
……	890 000	550 000	220 000	120 000	400 000
1 500 000	…….	880 000	230 000	350 000	200 000
456 000	370 000	…….	26 000	45 000	56 000
2 300 000	1 290 000	770 000	……..	260 000	856 000
732 000	680 000	405 000	190 000	…….	147 000
840 000	700 000	308 000	387 000	121 000	…….

REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

<u>Vraag 2</u> (Uitwerking van transaksies op die Rekeningkundige vergelyking; 24 punte, 12 minute)

GEVRA:
Toon die uitwerking van die gegewe transaksies op die elemente van die Rekeningkundige vergelyking. Let op die gegewe voorbeeld.

INLIGTING:

Voorbeeld: Koop Verpakkingsmateriaal, R1 200 en betaal per tjek.

Transaksies:
1. Ontvang R400 000 van die eienaar om sy kapitaalbydrae te verhoog.
2. Reik ‘n tjek uit vir die aankoop van handelsvoorraad, R28 000.
3. Koop toerusting, R54 000 en betaal per tjek.
4. Reik ‘n kontanttjek uit om lone te betaal, R3 500.
5. Die eienaar neem ‘n saketjek vir sy eie gebruik, R900.
6. Ontvang ‘n bedrag van R5 000 vir dienste gelewer.
7. Reik ‘n kwitansie uit vir R16 000 ten opsigte van huurinkomste.
8. Goedere word vir kontant verkoop, R20 700. Die kosprys van die goedere was R18 000.
9. Koop handelsvoorraad per tjek vir R29 000 en ontvang 3½% handelskorting.
10. Kontantverkope van handelsware vir R36 800. Bereken self die kosprys.

Nr.	BATES	EIENAARSBELANG	LASTE
Vb.	- 1 200	- 1 200	0
1.			
2.			
3.			
4.			
5.			
6.			
7.			
8.			
9.			
10.			

REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

Vraag 3 (Uitwerking van transaksies op Grootboekrekeninge; 25 punte, 13 minute)

GEVRA:
Toon die uitwerking van die gegewe transaksies op die rekeninge in die Algemene grootboek asook op die elemente van die Rekeningkundige vergelyking. Let op die gegewe voorbeeld.

INLIGTING:

Voorbeeld: Koop Verpakkingsmateriaal, R1 200 en betaal per tjek.

Transaksies:
1. Ontvang R250 000 van die eienaar om sy kapitaalbydrae te verhoog.
2. Reik ‘n tjek uit vir die aankoop van handelsvoorraad, R33 000.
3. Koop ‘n nuwe voertuig vir R670 000 en betaal per tjek.
4. Reik ‘n kontanttjek uit om lone te betaal, R12 900.
5. Die eienaar neem ‘n saketjek vir sy eie gebruik, R650.
6. Ontvang ‘n bedrag van R24 000 vir dienste gelewer.
7. Reik ‘n kwitansie uit vir R21 000 ten opsigte van huurinkomste.
8. Goedere word vir kontant verkoop, R50 400. Die kosprys van die goedere was R36 000.
9. Koop handelsvoorraad per tjek vir R35 000 en ontvang 4½% handelskorting.
10. Kontantverkope van handelsware vir R20 300. Bereken self die kosprys.

Nr.	Algemene Grootboek		HOEKOM?		
	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	BATES	EIENAARS-BELANG	LASTE
Vb.	Verpakkingsmateriaal	Bank	- 1 200	- 1 200	0
1.					
2.					
3.					
4.					
5.					
6.					
7.					
8.					
9.					
10.					

REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

Vraag 4 (Dubbelinskrywingsbeginsel en die Rekeningkundige vergelyking; 25 punte, 13 minute)

GEVRA:
Toon die uitwerking van die gegewe transaksies op die rekeninge in die Algemene grootboek asook op die elemente van die Rekeningkundige vergelyking. Let op die gegewe voorbeeld.

INLIGTING:

Voorbeeld: Betaal lone per tjek, R2 300.

Transaksies:
1. Ontvang R32 000 van die eienaar om sy kapitaalbydrae te verhoog.
2. Reik ‘n tjek uit vir die aankoop van handelsware, R8 500.
3. Koop ‘n nuwe kasregister vir R2 400 en betaal per tjek.
4. Reik ‘n kontanttjek uit om die wisselgeld in die kasregister te verhoog, R230.
5. Die eienaar neem ‘n saketjek vir sy eie gebruik, R820.
6. Ontvang ‘n bedrag van R9 100 vir dienste gelewer.
7. Reik ‘n kwitansie uit vir R8 600 ten opsigte van huurinkomste.
8. Goedere word vir kontant verkoop, R7 500. Die kosprys van die goedere was R6 000.
9. Koop goedere per tjek vir R9 200 en ontvang 10% handelskorting.
10. Kontantverkope van handelsware met ‘n kosprys van R5 400. Bereken self die verkoopprys.

Nr.	Algemene Grootboek		HOEKOM?					
	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	BATES		EIENAARS-BELANG		LASTE	
			Debiet	Krediet	Debiet	Krediet	Debiet	Krediet
Vb.	Lone	Bank		2 300	2 300			
1.								
2.								
3.								
4.								
5.								
6.								
7.								
8.								
9.								
10.								

REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

<u>Vraag 5</u> (Uitwerking van transaksies op die Rekeningkundige vergelyking; 50 punte, 25 minute)

GEVRA:
Ontleed die gegewe transaksies volledig onder die korrekte opskrifte op die antwoordblad. Let op die gegewe voorbeeld.

INLIGTING:

Voorbeeld: Reik ‘n kontanttjek uit vir lone, R3 700.

Transaksies:
1. Ontvang ‘n tjek van die eienaar om sy kapitaalbydrae te verhoog van R450 000 na R540 000.
2. Reik ‘n tjek uit vir die aankoop van 4 kasregisters en ander toerusting, R15 000.
3. Koop ‘n nuwe afleweringsbakkie en betaal per tjek, R340 000.
4. Reik ‘n kontanttjek uit om wisselgeld van R120 in elk van die vier kasregisters te plaas.
5. Reik ‘n kontanttjek uit aan die kleinkassier vir R500 as kleinkasvoorskot.
6. Die eienaar neem ‘n saketjek om vir sy persoonlike versekering te betaal, R8 100.
7. Reik ‘n tjek uit om die onderneming se versekering te betaal, R12 400.
8. Ontvang ‘n bedrag van R18 800 vir dienste gelewer.
9. Reik ‘n kwitansie uit vir R22 000 ten opsigte van huurinkomste.
10. Goedere word vir kontant verkoop, R50 750. Die kosprys van die goedere was R29 000.
11. Koop goedere per tjek vir R35 000 en ontvang 8% handelskorting.
12. Kontantverkope van handelsware vir R78 750. Bereken self die kosprys.
13. Reik ‘n tjek uit vir R120 000 om geld uit die lopende bankrekening na die spaarrekening oor te plaas.

14.* Koop skryfbehoeftes op skuld vir R5 000 by ‘n krediteur AB Winkels en ontvang ‘n kredietaankoopfaktuur van hulle.

15* Reik ‘n tjek vir R2 500 uit aan AB Winkels om die helfte van ons skuld te betaal (sien nr. 14)

Berekeninge:	

Nr.	Hulp-joernaal	Bron-doku-ment	Algemene Grootboek		Hoekom?					
					Bates		Eienaarsbelang		Laste	
			Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Debiet	Krediet	Debiet	Krediet	Debiet	Krediet
Vb.	*KBJ*	*tt.*	*Lone*	*Bank*		*3 700*	*3 700*			
1.										
2.										
3.										
4.										
5.										
6.										
7.										
8.										
9.										
10.										
11.										
12.										
13.										
14.										
15.										